5 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-53
Fokusgedeelte: Lukas 24:46, 47 (OAV)

Die groot opdrag (3)

Hoe sal jy die evangelie wat ons aan die hele wêreld moet verkondig in enkele sinne verwoord? Christus gaan ons hierin voor en op ’n treffende wyse stel Hy in verse 46 en 47 die hoofsaak van die evangelie. Die hoogtepunt en samevatting van God se bemoeienis met die mens is dit: dat Jesus as die Christus tot in die dood gely, maar op die derde dag weer opgestaan het. Die einddoel daarvan is dat die blye boodskap van bekering en vergewing van sondes in sy Naam, op grond van sy versoeningswerk en deur sy krag tot redding, verkondig moet word.

Menslike verstand kan dit nie omvat en begryp nie. Hiervoor moet God deur sy Gees die menslike verstand eers open. Hierdie is immers baie meer as net verstandelike kennis, dit is ook ’n vaste vertroue dat God dit alles ook vir jou gedoen het. Hy het in jou plek jou sondeskuld met sy bloed betaal en aan die kruis daarvoor gesterf. Hy het ook ter wille van jou uit die dood en graf opgestaan.

Dit beteken dat jy deur die geloof, in Christus wat gesterf het, nou jou ou, sondige lewe kan afsterf. Jy kan nou loskom van al daardie lelike en vernietigende gewoontes. Dit kan nou finaal agtergelaat word. Verder kan jy deur die geloof, in Christus wat opgestaan het uit die dood, ook nou in Christus se opstandingskrag opstaan in ’n nuwe lewe waarin jy die wil van God met dankbare blydskap wil uitleef. Veral dankbaar dat al jou sondes deur Christus vergewe is.

Dit is die pad van elke gelowige se daaglikse bekering. Omdat Christus vir jou gesterf en opgestaan het, kan jy ook vandag die sonde wat jou bly lastig val, finaal wegskuif (afsterf) en die liefdespad, van liefde vir God bo alles en jou naaste soos jouself, met nuwe opgewondenheid loop.

Wanneer jy eers dié pad begin loop, sal jy dit nooit vir jouself hou nie. In dankbare gehoorsaamheid sal jy dit ook verkondig aan almal wat jou pad kruis.

Sing: Psalm 135:1, 3 (1936) *Ds. SA Cilliers (Waterberg)*